Verwysing: 20171013-5775
3/3/2/2
Navrae: Inbelsentrum

Werwing-en-keuringsminuut: 0001/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings en Voorsitters van beheerliggame

Onderwerp: Uitreiking van die 2018 Vakatureroosters

1. Doel

Die doel van hierdie minuut is om die 2018 Vakatureroosters vir inrigtinggebaseerde opvoeders, inrigtinggebaseerde staatsdiens, kantoorgebaseerde opvoeders en kantoorgebaseerde staatsdiensvakatures in die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) bekend te maak.

2. Publikasiedatums

Die publikasiedatums van die vakaturelyste, asook ander belangrike datums, is in die aangehegte bylaes vervat.

3. Inrigtinggebaseerde opvoeders

3.1 Die WKOD sal drie vakaturelyste vir inringtinggebaseerde opvoeders uitreik.

3.2 Die WKOD sal nie afsonderlike vakaturelyste vir poste op verskillende vlakke hê nie. Alle vakante poste vir inrigtinggebaseerde opvoeders moet dus so spoedig moontlik in die vakaturelyste geadverteer word.

3.3 Vakaturelys 3 sal as 'n geslote vakaturelys vir nuwe inkomelinge ten opsigte van posvlak 1-vakatures gepubliseer word.

3.4 Gebaseer op artikel 6A en 6B van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), kan aansoeke volgens die omskakeling-/aanstellingsproses, regdeur die jaar ingedien word.

3.5 Prinsipale en beheerliggame word versoek om seker te maak dat advertensies elektronies op die WKOD se webtuiste by https://wcedonline.westerncape.gov.za en teen die gegewe sperdatum op die konsepvakaturelys ingevul word.

3.6 Geen vorms in drukstukformaat sal aanvaar word nie. Prinsipale moet met hul kringbestuurders oorleg pleeg indien hulle probleme met die voltooiing van advertensies op die konsepvakaturelys op die webtuiste ondervind.

4. Kantoorgebaseerde opvoeders

4.1 Die WKOD sal drie kantoorgebaseerde opvoedervakaturebulletins uitreik.

4.2 Lynbestuurders moet seker maak dat advertensies teen die sperdatums, wat op die bylae aangedui is, aan die Direktoraat: Werwing en Keuring voorgelê word.

4.3 Indien daar nie by die tydsraamwerke gehou word nie, sal die advertensie tot die volgende publikasiedatum/vakaturebulletin uitgestel word.

4.4 Geen spesiale vakaturebulletins sal vir die poste met betrekking tot kantoorgebaseerde opvoeders gepubliseer word nie.

5. Inrigtinggebaseerde staatsamptenare

5.1 Die WKOD sal twee vakaturebulletins vir inrigtinggebaseerde staatsdiensbevorderingsposte (algemene voorman, huishoudelike toesighouers en senior huishoudelike toesighouers) uitreik.

5.2 Vakante/befondsde poste sal op die diensstaat van die WKOD geïdentifiseer word.

5.3 Skole moet advertensieversoeke deur die Mensbestuurspraktykestelsel (MBPS, voorheen bekend as MKVBS) vir publikasie verifieer.

5.4 Indien daar versuim word om advertering te bevestig, sal uitsluiting van 'n vakante pos in die WKOD die pos in die vakaturebulletin vir publikasie insluit.

5.5 Omskakelversoeke van intreevlakposte (administrasieklerke, algemene assistente, huishoudelike hulppersoneel) sal nie voor die publisering van 'n omskakelomsendbrief aanvaar word nie.

6. Kantoorgebaseerde staatsamptenare

6.1 Die WKOD sal drie kantoorgebaseerde staatsdiensvakaturebulletins uitreik.

6.2 Lynbestuurders moet seker maak dat advertensies aan die Direktoraat: Werwing en Keuring voorgelê word.

6.3 Indien daar nie by die tydsraamwerke gehou word nie, sal die advertensie tot die volgende publikasiedatum/vakaturebulletin uitgestel word.

6.4 Spesiale Vakature-bulletins sal slegs vir seniorbestuursposte gepubliseer word.

6.5 Die goedkeuring van die Uitvoerende Komitee is nodig vir die publikasie van advertensies, en sodanige goedkeuring moet ingesluit word wanneer 'n advertensie ingedien word.

6.6 Bestuursplanne moet ingesluit word wanneer die advertensie ingedien word.

7. Vakaturelyste sal deur die WKOD se Lêerafdeling gesirkuleer word. Dit kan via die aanlynstelsel via die volgende skakels besigtig word: https://wcedonline.westerncape.gov.za of http://e-recruitment.westerncape.gov.za/index.php.

8. Die samewerking van alle betrokkenes sal die suksesvolle bestuur van die aanstellingsproses verseker en baie waardeer word.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2017-10-21